## Die wonder van "Die Messias"

**D**ie man wat voortskuifel in 'n Londense straat is 56 jaar vantevore in Duitsland gebore as Georg Friederich Händel - die 23ste Februarie 1685. Dis aand, iewers in 1741. Hy is 'n moedelose man. In sy gemoed wissel gevoelens van hoop en wanhoop mekaar af. Dit ten spyte van Ludwig von Beethoven se woorde jare later: "Händel is die grootste komponis wat ooit geleef het. By sy graf sou ek graag my hoed wou afhaal en kniel." Waarom sal sukses hom dus bly ontwyk soos tans?

Vir amper vier dekades was die adel en vooraanstaandes van Engeland en Europa gaande oor sy musiek. Maar die afgelope tyd het hulle hom en sy werk die rug gekeer. Hy word beskinder, bespot en verwerp. En hy is brandarm.

Vier jaar vantevore het 'n beroerte sy regterkant verlam. Loop en skryf kon hy nie meer nie. En die dokters het min hoop gehad dat hy ooit sou herstel.

Maar hy het vasgebyt en is na Aix-la-Chapelle se helende waters toe. Medici het hom gewaarsku dat dit noodlottig kon wees om langer as 4 uur in die bytende water te bly, maar hy het dit tot nege uur op 'n slag getrotseer. Geleidelik het sy kragte herstel en uiteindelik kon hy weer normaal funksioneer.

Dit het hom so geïnspireer dat hy fanaties begin komponeer het. Vier operas het kort na mekaar die lig gesien. En weereens was die musiekwêreld aan sy voete.

Maar toe sterf Koningin Caroline. Sy was 'n lojale ondersteuner van Händel. Dadelik het sy aanhang en inkomste drasties begin verminder. Daarbenewens was dit 'n yskoue winter en bywoning van sy konserte het amper opgedroog.

Soos in dryfsand het die befaamde komponis dieper en dieper in skuld in gesink. Hy was amper sestig - oud en afgeleef.

Nou, as hy so deur Londen stap, sien hy 'n kerkgebou voor hom. Hy gaan staan terwyl bitterheid in hom opstoot. "Waarom het God hom van sy beroerte genees en weer musikale sukses gegee - net om hom nou in dieper ellende as ooit te dompel?"

En dan, vanuit sy diepste wese kom 'n wanhoopskreet: *"My God, my God, waarom het U my verlaat?"*

Uitsigloos keer hy terug na sy verwaarloosde blyplek. Daar vind hy 'n pakkie op sy lessenaar. Dis 'n *libretto* - 'n teks vir 'n dramatiese musiekwerk. "Van daardie tweederangse digter, Charles Jennens," brom hy. Daar is 'n brief by. Die digter soebat Händel om dadelik te begin werk aan die musiek van 'n oratorium - 'n komposisie vir stemme en orkes wat gewoonlik 'n godsdienstige verhaal vertel, sonder om van kostuums, dekor of toneelspel gebruik te maak . "Die Here het vir hom die woorde gegee," sê Jennens.

Händel is nie 'n vroom man nie, en hy stamp hom teen sulke godsdienstige voorbarigheid. Ja, hy help graag die armes. Maar hy het 'n vurige humeur, is baasspelerig, en het baie vyande. Waarom stuur Jennens vir hom so 'n klomp Bybelse dwepery?

Lusteloos blaai die komponis deur die teks. Skielik steek van die woorde by hom vas: "He was despised and rejected of men ... He looked for someone to have pity on Him, but there was no man; neither found He any to comfort Him."

Die woorde gryp hom vas, en hy lees voort: *"He trusted in God ... God did not leave his soul in Hell ... He will give you rest."* Die woorde begin vir hom lewe. Dis asof dit vol betekenis voor sy oë begin gloei. *"Wonderful, Counsellor ... I know that my Redeemer liveth ... Rejoice ... Hallelujah."*

Eensklaps brand die vuur van vroeër jare weer in Händel. En in sy kop begin wonderbaarlike melodieë mekaar verdring. Hy gryp 'n pen en begin skryf. Die note vloei asof

vanself en bladsy na bladsy word gevul.

Die volgende oggend vind die huisbediende die komponis geboë oor sy lessenaar, onbewus van die ontbyt wat langs hom neergesit word. As hy 'n paar uur later die middagete bring, staan die skinkbord nog net so. En so gaan dit vir meer as drie weke. Wat hy dag na dag in Händel se kamer sien, sal hy nooit vergeet nie.

Vir vier-en-twintig dae eet en slaap die komponis beswaarlik. Hy skryf en skryf - en spring dan op om agter die klavesimbel te gaan sit. Ander kere stap hy op en af in sy kamer, terwyl hy met sy hande in die lug uit volle bors sing - met trane wat oor sy wange stroom: "Halleluja, halleluja!" Dis asof iets van hom besit geneem het.

Uiteindelik syg Händel op sy bed neer. En op sy lessenaar lê die partituur van "Die Messias" - die grootste oratorium wat tot op hierdie dag gekomponeer is. Niks sou ooit weer in sy lewe dieselfde wees nie.

Aangesien Londen belangstelling in Händel verloor het, neem hy op uitnodiging "Die Messias" Ierland toe. Hy weier om enige betaling vir sy werk te aanvaar. Die opbrengs moet vir liefdadigheid geskenk word. Was dit nie dié wonderwerk wat hom uit die dieptes van ellende gelig het nie? Laat dit dan nou die wêreld met hoop vervul!

In Dublin voeg Händel twee kore saam. Met groot toewyding kry hulle die grootse musiek onder die knie. En met toenemende afwagting nader hulle die eerste uitvoering. Gou-gou is alle kaartjies uitverkoop. Om meer plek te maak, word die dames versoek om nie hoepelrokke aan te trek nie. En die mans moet hulle swaarde tuis los. Op 13 April 1742 staan skares mense al ure voor die tyd tou om goeie plekke te kry. Wat 'n geleentheid!

Na Dublin se triomf kan Londen nie wag om ook na Die Messias te luister nie. Tydens die eerste uitvoering gebeur iets dramaties. As die "Halleluja-koor" gesing word, staan Engeland se koning spontaan op, en die ganse gehoor volg sy voorbeeld. Tot vandag toe is dit die gebruik waar Die Messias ook al opgevoer word.

Terwyl Händel nog geleef het, het 'n jaarlikse opvoering van Die Messias reeds 'n tradisie geword. Deurgaans is die opbrengs vir liefdadigheid geskenk.

Soos hy ouer geword het, het baie struikelblokke oor sy pad gekom. Algaande het sy kragte afgeneem en boonop het hy blind geword. Maar nooit weer het hy hom aan moedeloosheid oorgegee nie. Met vaste tred het hy sy heengaan tegemoet gegaan.

Tydens die aand van 6 April 1759 - Händel is 74 jaar oud - is hy teenwoordig by 'n uitvoering van Die Messias. As "The trumpet shall sound" begin, wil hy flou word. Vriende help hom en gaan sit hom in die bed. 'n Paar dae later spreek hy die begeerte uit om op Goeie Vrydag te sterf. En inderdaad, op 13 April - ook die herdenking van Die Messias se eerste uitvoering - gaan Händel na sy ewige erfenis.

Maar ook hier op aarde leef Georg Friederich Händel by wyse van spreke voort. Weer en weer jubel "Die Messias" oor die triomf van lewe en hoop oor die dood en vertwyfeling. In Londen is Goeie Vrydag se uitvoering van die oratorium in die Royal Albert Hall 'n tradisionele deel van elke jaar se Paasvieringe.

Die Messias is soos 'n fakkel wat Händel aangesteek het om reg rondom die aarde die helder lig van die Christusevangelie te laat skyn. En so lank as daar stemme is wat kan sing, sal die Here Jesus ook op hierdie wyse verheerlik word. Waarskynlik is daar beswaarlik 'n uur van enige dag waartydens hierdie wonderskone musiek en die heerlike boodskap wat dit dra nie iewers in 'n konsertsaal of in honderde huise weerklink nie. Ontelbaar baie opnames en internet dra hierdie musiek tot in die verste uithoeke van die aarde. Honderde radio- en televisiestasies speel die musiek weer en weer. En oënskynlik raak niemand ooit moeg daarvoor nie.

***Nico van der Walt***